


OPEENVOLGENDE TERME

'n Stel getalle wat in volgorde geplaas is word 'n getalry genoem. In sommige gevalle kan elke getal in 'n getalry uit die voorafgaande getal gevorm word deur dieselfde of soortgelyke aksie uit te voer. Terme wat op mekaar volg word **opeenvolgende terme** genoem.

Patroon Nommer	1	2	3	4
Aantal sirkels	3	6	9	12



EINDIG EN ONEINDIGENDE PATRONE

Eindigende patrone is patrone wat eindig/stop.

'n Voorbeeld van 'n eindige patroon is as volg:

Natuurlike getalle 1 tot 10: {1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10}


Oneindige patrone is patrone wat nie eindig nie. Dit hou aan ...

'n Voorbeeld van 'n oneindige patroon is as volg:

Alle positiewe heelgetalle {1, 2, 3, 4 ...}.

VERSKIL

'n Ry kan gevorm word deur herhaaldelik dieselfde getal by te tel of af te trek. Die **verskil** tussen die opeenvolgende terme is dan konstant.



Figuur Nommer	1	2	3	4	5	6	7	8
Aantal Vuurhoutjies	3	5	7					

VERSKIL




+ 2

+ 2


VERHOUDING

'n Ry kan ook gevorm word deur herhaaldelik met dieselfde getal te vermenigvuldig of te deel. In hierdie geval is die **verhouding** tussen die opeenvolgende terme konstant.





KONSTANTE VERSKIL

Die herhaalde patroon van optelling word die **konstante verskil** genoem. In die patroon hieronder is daar 'n **konstante verskil** tussen **opeenvolgende terme**.



KONSTANT VERHOUDING

In die patroon hieronder is daar 'n **konstante verhouding** tussen **openvolgende terme**.



HERHALENDE/REKURSIEWE PATROON

Die Engelse woord “**recur**” beteken “herhaal”. Die voortsetting van ’n getalry deur telkens dieselfde aksie te herhaal word **rekursie** genoem. ’n Reël wat die verband tussen twee opeenvolgende terme van ’n ry beskryf word ’n **rekursiewe reël** genoem. ’n rekursiewe reël is ’n patroon reël wat **die begin getal/term van die patroon aandui en hoe dit verder sal groei.**

1; 4; 7; 10; 13; ... **(tel 3 by)**

100; 97; 94; 91; ... **(trek 3 af)**

OPEENVOLGENDE GETALLE

Opeenvolgende getalle is heelgetalle wat op mekaar volg van die kleinste tot die grootste. As 'n voorbeeld, die getalle **1, 2, 3, 4 en 5 is opeenvolgende getalle**. Die getalle volg op mekaar in 'n **logiese volgorde**. Die getalle is in 'n volgorde van die kleinste tot die grootste, en **geen getalle word tussenin gemis nie**.

Opeenvolgende natuurlike getalle **vanaf** 1 – 25

{1; 2; 3; 4; 5; 6; 7; 8; 9; 10; 11; 12; 13; 14; 15; 16; 17; 18; 19 ;20}

Opeenvolgende ewe heelgetalle **tussen** 20 en 40

{22; 24; 26; 28; 30; 32; 34, 36, 38; 40}

VEELVOUDE

'n **Veelvoud** is 'n produk wat ons kry wanneer een getal met 'n ander getal vermenigvuldig word. Byvoorbeeld, as ons sê **$4 \times 5 = 20$** , hier is **20** 'n **veelvoud van 4 en 5**. Die ander veelvoude van 4 kan gelys word as 4, 8, 12, ensovoorts.

$$4 \times 1 = 4$$

$$4 \times 2 = 8$$

$$4 \times 3 = 12$$

$$4 \times 4 = 16$$

$$4 \times 5 = 20$$

Ons tel ook aan en terug in veelvoude van 1; 2; 3; 4; 5;

Bv. 3; 6; 9; 12; 15; 18; 21....

6; 12; 18; 24; 30; 36 ...


4; 8; 12; 16; 20 is veelvoude van 4

INSET EN UITSET WAARDES

'n Verwantskap tussen twee veranderlikes bestaan uit twee stelle getalle soos aangedui in die tabel hieronder. In die eerste ry is daar die **invoergetalle** en in die tweede ry die **uitvoergetalle**.

Tabel

Insetgetal	1	2	3	4	5	6	7	8	9
Uitsetgetal	32	39	46	53	60	67	74	81	88



REËL

Die manier waarop 'n uitvoergetal bereken kan word, word die **reël** vir die verband genoem.

Die reël kan in **woorde** of met 'n **formule** beskryf word, en in sommige gevalle met 'n **vloeydiagram**.

Die reël “vermenigvuldig met 7 en tel 25 by” kan met hierdie **vloeydiagram** voorgestel word:



Dieselfde reël kan ook deur hierdie **formule** voorgestel word:

$$y = 7 \times x + 25$$

